**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks:**

Psalm 28

**Tema:**

Roep tot die Here vir geregtigheid en vertrou in Christus met jou hele hart.

**Datum:**

31 Mei 2026

## 1. **<u>Inleiding</u>**

Geliefdes in ons Here,

Wat is jou gunstelingboek in die Bybel?

Daar is ses-en-sestig om van te kies, en daar is nie ŉ regte of verkeerde antwoord nie. As ons vir almal geleentheid gee om hul antwoord neer te skryf, sal daar ŉ verskeidenheid van antwoorde wees. Die sendelinge sal waarskynlik skryf '*Handelinge*'. Die ouderling wat hou van diep sake sal skryf '*Romeine*'. Die persoon wat nie daarvan hou om te lees nie, gaan skryf '*3 Johannes*', want hierdie boek is die kortste.

Maar meeste gelowiges gaan waarskynlik skryf '*Psalms*'... En dit maak tog sin. Daar is iets besonders aan die Psalms. Die meeste Bybelboeke is gerig tot die verstand, maar hierdie boek van liedere en gedigte raak ons harte aan. Dit gee vir ons ŉ manier om die dinge wat ons voel te verwoord.

Wanneer ons **bly** is, kry ons woorde om God te prys. Wanneer ons **dankbaar** is, gee dit vir ons woorde om die Here te aanbid.

Maar geliefdes, ons weet self dat die lewe nie net vreugde en voorspoed is nie. Ons lewe in ŉ sondige en gebroke wêreld. Soms gebeur daar dinge en ons sukkel om die doel daarvan te sien. Daar is soveel lyding en onreg dat ons kwaad en moedeloos word.

Wat doen ons dan? Hoe reageer ons op onregverdigheid en boosheid?

Dit is juis in tye soos hierdie wat ons woorde opraak. Maar ook dán gee die Psalms vir ons woorde om te bid en te sing. Daarom is dit baie mense se gunstelingboek, want dit is eerlik oor ons ervarings in die lewe. Dit ontken nie die pyn en woede nie, maar leer ons om te **weeklaag**.

En dit is presies wat ons in Psalm 28 sien.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Dawid se situasie:

Die Psalm se agtergrond is onbekend. Sommige mense dink dat Dawid die Psalm geskryf het toe Saul hom wou doodmaak. Ander dink weer dit was toe Absalom teen hom gedraai het. Maar ons kan nie met sekerheid sê nie. Ongeag wat die presiese agtergrond was, wat ons wel kan sien, is dat Dawid in ŉ baie moeilike situasie was.

Sy eie welstand en lewe is in gedrang. Dit voel vir hom asof hy op pad is na die dood. Letterlik staan daar hy is op pad na ŉ kuil of ŉ donker put... Maar sy grootste vrees is God se oordeel. Dawid kyk nie ligtelik na die omstandighede nie, maar hy sien dit in die lig van die Here se verbond.

**(Om te verduidelik hoe Dawid dit sien):** Nadat die Here Israel uit Egipte verlos het, sluit Hy met hulle ŉ verbond. God belowe dat hulle sy volk is, dat Hy vir hulle sal voorsien en hulle sal beskerm. Hy belowe ook sy seën en teenwoordigheid, mits hulle Hom dien en sy gebooie hou. Maar die Here belowe ook dat Hy die volk gaan tugtig as hulle van sy gebooie afwyk. Deel van die verbond is ook straf en vloek vir die goddelose (Lev. 26:3–39, Deut. 27:11–26; 28:1–68).

Dit is vir hierdie rede dat Dawid angstig en benoud is. Hy is omring deur goddelose? en mense. Mense wat onreg doen wat vriendelik praat met hulle bure, maar hulle kwaadwillig in hulle harte is (28:3). Dit is bose mense wie se hande besig is met skandelike dinge (28:5).

Dawid se benoudheid en angs is duidelik in vers 3: "*Moet my tog nie* ***uitroei*** *<u>saam met</u> die goddeloses, die mense wat onreg doen nie.*" Letterlik vra hy dat die Here hom nie saam met die goddelose na die put moet aftrek nie.

Dit voel vir Dawid asof hy op ŉ bus is, op pad na ŉ afgrond. Die goddelose bestuur die bus en word deur hulle bose vriende aangemoedig om vinniger te ry. Te midde van alles sit Dawid

magteloos en vasgevang. Boonop pla die onreg hom, want die mense wil niks weet van die werk van die Here se hande nie (28:5).

Klink dit bekend, geliefdes?

As gelowiges sien en beleef ons al die onreg rondom ons, en dit beïnvloed ook ons hele lewe. Dink net aan die moderne samelewing en ons eie land:

- Die slegte word goed genoem en die goeie word sleg genoem. Die skuldiges word vrygelaat terwyl die onskuldiges se regte ontneem word. Die armes se laaste bietjie hoop word weggeneem, terwyl die rykes net meer weelde vergader.
- Dit is tog nie óns wat gevra het dat daar oorlog moet uitbreek nie, maar ons beleef die nagevolge deur verhoogde lewenskoste.
- Die pes onder die vee, misdaad in die buurte en onreg in die howe is tog nie die kerk se skuld nie, maar ons is saam met die goddeloses op pad na ’n afgrond.
- Om dinge erger te maak, beleef die kerk vervolging, maar nooit openlik nie. Dit is eerder soos Dawid sê: “*Hulle praat vriendelik, maar daar is kwaadwilligheid in hulle harte.*”
- Dan het ons nog nie eers geraak aan ons elkeen se persoonlike situasies van benoudheid en angs nie.

Geliefdes, wat moet ons doen? Wat kán ons doen?

**2.2. Dawid se weeklaag:**

Die eerste antwoord wat ons in Psalm 28 kry, is om te **weeklag**. Ons moet ons klaaglied laat hoor. Wanneer ons hoor *weeklaag*, moet ons nie dink aan kerm of murmureer nie. Ware Bybelse, weeklaag beteken om ***uit te roep tot die Here***. Dit beteken om jou hart uit te stort voor die Here en Hom te smeek om te help!

Luister weer na vers 1 en 2: "***Ek roep na U, Here****, my Rots, moet tog nie doof wees vir my nie... Hoor... as ek na U* ***roep om hulp****, as ek my hande in gebed uitsteek.*"

Dawid neem sy toevlug tot God. En sy uitroep, sy gebed, is nie 'n leë handeling nie, want hy bid tot die Here **sy Rots**. Die Here alleen kan hom vastigheid en veiligheid gee wanneer die storms van die lewe tref. Dawid glo dat God in staat is om hom te verlos. Wanneer Hy die Here sy Rots noem, dan sê hy dat die Here sy *bron van krag en verlossing is* (28:8). Daarom sê hy in vers 2 dat hy sy hande in verwagting uitstrek na die Here (28:2).

Hiermee moet ons ook besef dat Dawid se gebed nie onmiddellik verhoor was nie. Dawid se uitroep is dat die Here moet *hoor* en nie *doof sal wees vir sy geroep nie*, wat impliseer dat hy al lank worstel en bid.

Hierdie is dikwels ook ons ervaring met gebed. Ons pleit en smeek, ons klop en klop, maar dit voel asof dit tevergeefs is. Die Here neem selde die struikelblokke onmiddellik weg. Soms moet ons wag, selfs lank wag... Maar die Here Jesus troos ons weer met die woorde (Luk. 18:7): "*God sal reg doen aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, al moet hulle lank wag.*"

Die Here se stilte beteken nie dat Hy nie hoor, of nie wil help nie. Deur ons te laat wag, slyp die Here aan ons. Tye van stilte leer ons om te vertrou en te volhard. As ons altyd onmiddellik gekry het wat ons wil hê, sou daar nog enige vreugde en dankbaarheid daarin gewees het?

Hoor weer die oproep van Psalm 28 geliefdes: Weeklaag! Of anders gestel, roep uit tot die Here jou Rots. Vlug na die bron van krag en verlossing, Hy wat kan en op die regte tyd ook sal help! En roep uit met volharding en 'n vaste vertroue dat Hy jou gebede hoor.

Dit bring ons by die tweede antwoord wat Psalm 28 gee.

**2.3. Dawid se gebed om geregtigheid:**

Dawid se uitroep tot God is baie spesifiek. Hy bid nie vir verlossing nie. Hy bid ook nie vir krag om sy vyande te verslaan nie. Hy bid tot die Here vir **geregtigheid**. Met ander woorde, hy bid dat die Here reg sal laat geskied.

Dawid se gebed in vers 4 en 5 is dat die goddelose mense bloot die vrugte van hulle bose werke sal pluk. As hulle die ligte afskakel, dan moet hulle maar in duisternis sit. As hulle wil afbreek, dan moet hulle maar in stukkende huise bly. Gee hulle wat hulle toekom, betaal hulle hul verdiende loon!

Dit is baie duidelik dat Dawid gefrustreerd en kwaad is. Die boosheid en onregverdigheid van die wêreld behoort ons woedend te maak. Dit kan tog nie so aanhou nie, dit mag nie. En om kwaad te word en frustrasie te beleef, is nie sonde nie. God het ons geskape om hierdie emosies te beleef, maar deur die Gees moet ons dit reg bestuur.

In Efesiërs 4:26 kry ons die opdrag: "*Word toornig en moenie sondig nie...*" Ons moet ons woede gebruik as 'n dryfveer om te bid. Ons moet na die Regverdige Regter van die wêreld toe gaan en pleit dat Hy reg sal laat geskied. Ons moet nie self wraak wil neem nie, maar dit eerder aan die Here oorlaat. God sê immers: "*Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld.*" (Deut. 32:35).

Daarom broers en susters, word kwaad oor die onreg en boosheid en gebruik daardie ywer om uit te roep tot die Here vir geregtigheid!

Bid dat oorloë sal ophou. Bid vir goddelose regerings om tot inkeer te kom. Bid dat regters en howe regverdige uitsprake sal lewer. Bid dat God in die harte van alle misdadigers sal werk. Bid ook dat ons as gelowiges mekaar regverdig en in liefde sal hanteer.

Weet ook dat die Here in beheer is! Hy ken ons omstandighede en Hy kan die goeie voortbring uit die bose dade van goddelose mense. Vertrou volkome op die Here!

**2.4. Geregtigheid deur die geloof in Jesus Christus:**

Maar geliefdes, dit is ook belangrik dat ons verstaan wat dit beteken om te bid vir geregtigheid. Dawid vra dat die Here die bose sal *vergeld volgens hulle dade*. Die Psalm roep ons ook op om te bid vir geregtigheid!

Maar as ons dít gaan bid, dan het ons 'n groot probleem! In Romeine 2 het ons gelees: "*Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel. Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom?*"

Wie van ons is sonder sonde? Romeine 2:1 sê dat niemand sonder skuld is nie, daarom behoort ons ook almal deur God gestraf te word. Romeine 3:23 is duidelik: "*almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God...*" Later lees ons ook die woorde (Rom. 6:23): "*die loon van die sonde is die dood...*"

Om iemand 'n loon te betaal, beteken om aan hulle te gee wat hulle toekom, op grond van die werk wat hulle gedoen het. Die regverdige betaling wat ons verdien vir ons sonde, is die ewige dood...

Broers en susters, ons het 'n probleem!

Dit bring ons egter terug na die laaste gedagte in Psalm 28. In vers 2 sê Dawid: "*O Here, my Rots, hoor die stem van my **smekinge**.*" Hierdie sin kan ons ook vertaal as *hoor die stem van my smeking om genade*! Dawid pleit dat die Here aan hom genade sal bewys. En in vers 6, wanneer Dawid se gebed uiteindelik verhoor word, dank hy die Here juis vir sy genade: "*Aan die Here kom die lof toe, want Hy het my smeekstem om genade gehoor.*"

Geliefdes, hoor weer. Om 'n loon te ontvang, is om te kry wat jy verdien vir dit wat jy gedoen het. Maar om genade te ontvang, is om te kry wat jy **nie verdien nie** en **waarvoor jy nie gewerk het nie.** As ons bid dat die Here reg sal laat geskied, dan moet Hy ons straf, want niemand van ons is sonder sonde nie.

Maar ons hoef nie God se geregtigheid te vrees nie. Want hoewel almal gesondig het, en dit beteken dat God ons moet staf, bewys Hy aan ons eindelose genade.

Die volheid van God se genade skyn deur Jesus Christus ons Here. In sy groot liefde, het Hy Homself in ons plek laat kruisig. Hy het dit gedoen om aan die eise van geregtigheid te voldoen, wat bepaal dat alle sondaars moet sterf. Hy het die loon van die sonde op Hom geneem en ons met sy regverdigheid gevul. Daarom word ons, wat in die geloof tot God uitroep, heeltemal vrygespreek.

Die laaste uitroep tot die Here in Psalm 28 is vers 9 wat sê: "***Red** u volk en **seën** dié wat aan U behoort; wees vir hulle 'n herder en sorg altyd vir hulle.*" Hierdie **redding** en **seën**, kom deur Jesus Christus ons Here. Hy is die Goeie Herder wat sy lewe vir sy skape afgelê het, sodat hulle vrygespreek kan word en genade kan ontvang.

Daarom geliefdes, moet nooit bang wees om te bid vir geregtigheid nie. Ons weet dat God elkeen wat in Christus glo, vryspreek. Vanmore het ons ook die voorreg om hierdie waarheid fisies te beleef aan die nagmaalstafel.

Ons kom nie na die nagmaalstafel omdat ons sondeloos is nie. Ons kom juis omdat ons besef hoe groot ons sondes is, maar ook hoe groot God se genade is. "*Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te hê aan die hemelse voedsel en drank.*"

**3. <u>Slot</u>**

Ek sluit af.

As mense in ŉ gevalle wêreld beleef ons baie onregverdigheid en boosheid. Ons is dikwels ook die slagoffers van goddelose mense se dade. Hulle vernietiging steek alles rondom ons aan die brand en die vuur dreig om ons ook te verteer.

Meer nog, as gelowiges wat die Regverdige Regter van hemel en aarde aanbid en sy volmaakte wet ken, verlang ons na geregtigheid. Ons raak kwaad en hartseer wanneer ons die gebrokenheid rondom ons sien.

Wat kan ons doen?

- Roep uit tot die Here jou Rots.
- Bid met volharding vir geregtigheid.
- Vertrou en glo in Christus met jou hele hart, en wees verseker dat God aan jou genade sal bewys.

En geliefdes, wanneer u vanmore aan die nagmaalstafel kom sit, besef weer die evangelie wat hier verkondig word. Ons wêreld is stukkend, maar God is besig om dit deur sy Seun, deur Sy Gees en deur sy Kerk te herstel.

Daarom sê ons saam met Psalm 28:7 "*Die Here is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang.*"

# Amen